

10 April

Johannes 13:31-38

(Teks: 13:38)

"Dit verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai sal jy My drie keer verloën."

Judas, een van die twaalf, is die verraaier. In 'n afgryslieke gesindheid van haat verwerp hy Christus.

Maar die lyding van Christus word nog swaarder. Een wat Hom nog altyd getrou gevolg het en met oorgawe sy liefde tot Christus bely het, sal Hom verloën! Ja, Petrus, so selfversekerd, gaan dit sê: "Ek is nie een van sy dissipels nie!"

Petrus - die man van die daad! Is dit dan moontlik? Die man wat met soveel selfoortuiging sê: "Ek sal my lewe vir u aflê?" Want dit wat vir Petrus so maklik - eintlik so vanselfsprekend lyk - dit *kan hy* nie doen nie!

Petrus wil vir Christus sterf. Wonderlik, en tog verkeerd, onmoontlik! Só is daar geen verlossing moontlik nie; net Christus kan sterf vir die volk.

Dis moeilik vir Petrus om dit te aanvaar, en nog moeiliker as Jesus dit sê dat hy Hom sal verloën, dat hy, Petrus, die rots, drie keer sal ontken dat hy Christus ken! Petrus was nie 'n lafaard nie; dit het hy in Getsemane bewys toe hy sy swaard gebruik het om Jesus te verdedig en so sy eie lewe in gevaar gestel het.

Maar dit wat Christus by sy volgelinge soek, het nog ontbreek - die moed om, in watter omstandighede ook al, getrou vir Hom te getuig. En so het dit dan gebeur - Petrus verloën Christus drie keer. En dadelik het die haan gekraai.

Dit moes Petrus laat besef: Ek kan nie sterf vir Christus nie; net Hy kan vir my sterf! Van hierdie sterwe van Christus moes Petrus 'n apostel word, daarvan moes hy sy hele lewe lank 'n getuie wees.

Petrus het Christus verloën - drie keer! Hoeveel keer verloën ek Hom nie elke dag van my lewe nie? Laat ons bid om krag om eerder van sy verlossing te getuig.

Sing Psalm 9:1,2 en 7 Dr. H.A. van Dalsen (Bloemfontein-Noord)